

**14 Maart**

**Skriflesing: 2 Samuel 6 (1983-vertaling)  
Fokusgedeelte: 2 Samuel 6:22**

**Vervul God se wil in jou lewe met nederigheid**

As gelowiges is ons soms so haastig om ons taak te vervul dat ons nooit vra of ons dit op die regte manier doen nie. Menigmaal weet ons dat dit die regte ding is om te doen, maar die wyse waarop dit gedoen word, en soms die gesindheid, is nie reg nie.

Hier in ons voorgelese gedeelte het ons met so 'n saak te doen. Dawid wil graag die ark van die verbond na Jerusalem toe bring. Hy weet dat die ark daar hoort, en dit is ook wat God wil. Maar in sy haastigheid pak hy die saak heeltemaal verkeerd aan. Hy laai die ark op 'n wa wat met osse getrek is, en so met groot vreugde en blydschap word die wa na Jerusalem toe geneem. Dit is egter wanneer die osse struikel en Ussa na die ark gryp en met die dood getref word dat Dawid vir die eerste keer beseft dat daar 'n probleem is. Die ark gaan staan by die huis van Obed-Edom vir drie maande, omdat Dawid bang geword het.

Wat was nou eintlik die probleem? In die eerste plek het Dawid beseft dat die ark van die verbond nie vervoer word op 'n wa wat met osse getrek word nie. Die voorskrif wat die Here aan die volk gegee het toe hulle deur die woestyn getrek het, was dat die ark gedra moes word. In die tweede plek was Dawid se gesindheid verkeerd omdat hy nie God se wil ten opsigte van die hele saak in ag geneem het nie.

Na drie maande gaan probeer Dawid weer. Hierdie keer doen hy dit reg. Die ark word gedra met drahoue. Vir elke ses tree word daar 'n bul en vetgemaakte kalf geoffer. Die Here word deurentyd geeëer tydens hierdie optog. Selfs later, wanneer die ark op sy plek staan, word daar brandoffers en maaltydoffers vir die Here gebring. Aan dié wat daar teenwoordig was, word daar 'n ringbrood dadels en rosyntjies uitgedeel.

Dawid se vrou Mikal het nie Dawid se gedrag tydens die verrigtinge goedgekeur nie. Maar Dawid het geweet dat hy reg opgetree het. Hy het nederig presies, soos die Here wou, God se wil vervul toe die ark uiteindelik Jerusalem toe gebring is. Daarmee saam was die gesindheid ook reg, nederig, nie net teenoor die Here nie, maar ook teenoor die mense wat die fees bygewoon het.

Op watter wyse en met watter gesindheid vervul jy God se wil vir jou lewe? Gaan maak seker dit is soos God wil en nie soos jy wil nie. Al is die saak wat jy aanpak, reg, is die manier en die gesindheid waarmee jy dit doen, belangrik. So het Christus ook met alle nederigheid sy roeping aan die kruis vervul en op die regte manier vir jou en my sondes gesterf.

*Sing: Skrifberyming 15:2, 7 (16-1)*

*Ds N Boy (Drieviersboom)*

